

Die Kind

deur Jan van Tonder

ANTWOORDE

HOOFSTUK 1

HOOFSTUK 2

HOOFSTUK 3

HOOFSTUK 4

HOOFSTUK 5

HOOFSTUK 6

HOOFSTUK 7

HOOFSTUK 8

HOOFSTUK 9

HOOFSTUK 10

HOOFSTUK 11

HOOFSTUK 12


HOOFSTUK 13

HOOFSTUK 14

HOOFSTUK 15

AKTIWITEITE

- Navorsingstaak
- Dagboekinskrywings
- Dialoog
- Brief
- Mondelinge Opdragte
- Formatiewe Assessering 1
- Formatiewe Assessering 2
- Summatiewe Assessering



MASKEW MILLER
LONGMAN

LITERÊR



MASKEW MILLER
LONGMAN

LITERÊR

Die eerste keuse vir gehalte letterkunde-onderrig.
Kliëntediens: (021) 532 6000 www.mml.co.za

HOOFSTUK 1**Begripsvrae**

1. Amazolo was kwaad omdat Mlenzana haar alleen agtergelaat het en wou gehad het dat die kind in haar moet doodgaan en sy saam met hom.
2. Sy het tarentaal en haas geëet; sy het gestaan terwyl sy geëet het; sy het ook nie die takkie van die spoorplant umkhondo, wat haar ongebore kind sou beskerm as sy oor bouse spore loop, saam met haar gedra nie; sy het die vleis van 'n bokooi wat in lamtyd gevrek het, geëet.
3. Dit beskerm haar ongebore baba teen die bouse spore waarop sy dalk geloop het.
4. Sy het die vleis van 'n bok-ooi wat in lamtyd gevrek het, geëet.
5. Deur bloot te groet met die woorde "ek sien jou"
6. Weens haar mooi verhouding met Mlenzana
7. Die veewagters het botweg geweier om vir haar 'n tarentaal te bring.
8. Haar lewe gaan in die toekoms "'n verskriklike een wees".
9. By Thandi en Mvula Mutwa
10. 'n Paar dae van die week het sy huisgehou vir vrouens op Tugela Ferry; die ander dae het sy potte gemaak en dit langs die teerpad verkoop.
11. Sy het hom aanvanklik probeer ignoreer.
12. Hy wou graag 'n umakweyane-boog daarvan maak.

Insigvrae

1. Haar hardkoppigheid
2. Sy verwag die baba van die man vir wie sy lief is, maar aan die anderkant wens sy ook dat die kind moet doodgaan, omdat haar geliefde haar verlaat het.
3. Sy dring daarop aan dat die pasgebore baba summier weggegee word.
4. Haar naam beteken "dou", sy was altyd "helder" soos haar naam sê, maar die lewe en haar lewensuitkyk het weldra troebel geword vir Amazolo.

HOOFSTUK 2**Begripsvrae**

1. Haar salaris was te karig/min/onvoldoende om vir haar en die kind te sorg.
2. "Vir die eerste keer sê iemand anders as sy iets teen die kind, en dit voel vir haar nie reg nie".
3. Sy kan die klei manipuleer/sy voel in beheer van haar emosies.
4. Sy spaar die geld vir haar kind se skoolopleiding.
5. Zuziwe het opgelet dat Amazolo na twee jaar weer begin lag het.
6. Beide praat van Mlenzana; Zuziwe sien hom as 'n dapper en sterk man wat onder in die myne werk, terwyl Amazolo sinspeel dat hy juis daar werk omdat hy haar in die steek gelaat het.
7. Ten spyte van sy rykdom is Mvula steeds baie tradisiegebonde, terwyl Thandi haar tradisies ontgroeit het.
8. 'n Gevaarlike bul is daar aangehou.
9. Die ander kind, Zolile, leer hom kwaad doen.
10. Om haar te herinner aan die tyd toe sy klaarblyklik te sleg was om 'n ma genoem te word. Sy moet die onreg wat sy aan die kind gedoen het toe hy gebore is, onthou.
11. Thandi glo nie dat hy die geld gesteel het nie, maar wil Zolile deur die kind straf.

12. Omdat sy hom nie teen die aanklagte verdedig het nie.
13. Kennis oor die bokke, plante en wilde diere. In ruil daarvoor het hy hulle van Zolile se leefwyse vertel.
14. Die kind was nog nie besny (nog nie 'n man nie) nie. Gevolglik was die beeswagters onwillig om hom toe te laat om saam met hulle die beeste op te pas. Hulle verneem dat hy blykbaar die jonger bokwagters in insema-gooiery geklop het. Die kind het egter teen sy beeswagter-opponent verloor. Hy word verstoot. Dit is toe dat hy 'n bees opmerk wat afgedwaal het. Hy het 'n plan beraam en aangebied om self die verlore bees op te spoor. Na 'n lang redekawel het die beeswagters daartoe ingestem. Hy het die verlore bees spoedig opgespoor en sodoende die guns en respek van die beeswagters gewen.

Insigvrae

1. Alomteenwoordige verteller – die verteller weet wat al die karakters sê, dink en voel. Voorts is die verteller nie gebonde aan plek, tyd en ruimte nie.
2. Die kind en Zolile het verskillende persoonlikhede; Die kind is dapper, eerbiedig en intelligent; Zolile daarteenoor is papbroekig en 'n leuenaar. Amazolo is tradisievas, het 'n innerlike moederlike natuur, is hardwekkend, 'n entrepreneur in wording, 'n alleenloper wat drome vir haar seun koester. Thandi het haar tradisies ontgroeï en verwesters; sy is uiters hoogmoedig; sy is behep met haar man se rykdom en sosiale status; sy bederf haar seun; sy eis dat almal haar bedien en respekteer; sy beweeg in hoë sosiale kringe.

HOOFSTUK 3

1. Die kind bedoel dat Zolile, wat deur die bul getrap was, sy verdiende straf gekry het omdat hy hom destyds valslik van diefstal beskuldig het.
2. Die bul het hom getrap.
3. Om die bul te tem. Hy weet dat die bul weer iemand kan trap.
4. Sy beplan om die seuns om te ruil en aan te voer dat Zolile eintlik Amazolo se seun was.
5. Sy het gevra om vir 'n week lank nie te werk nie en die kind vir die week by haar te hou om hom voor te berei om na die groot huis te gaan.
6. Sy sou hom graag in 'n beesvel toegedraai en in 'n ronde gat begrawe het.
7. Dit is 'n tradisionele gebaar van finale afskeid.
8. Hy is dood en begrawe.
9. Sy was haar hande met die pensmis van die os wat vir Zolile geslag is.
10. Amazolo het in die nag stil en spoorloos verdwyn.
11. Zuziwe, die sangoma
12. Thandi kruip weg in haar huis en maak die amathongo kwaad.
13. Sy strooi 'n aantal be ne, 'n dobbelsteen en twee groot, blink krale (bekend as haar dolosse) uit op 'n vel en swaai daarna die wildebeesstert daaroor om te hoor wat die geeste vir haar wil vertel.
14. Dit verwys na sy vrese dat Thandi hom gou na sy dood sal vergeet.
15. Sy wil 'n aantal werklose mans betaal om na Amazolo en die kind te gaan soek.

Insigvrae

1. Thandi se houding maak die amathongo kwaad.

- Die tragiese gebeure wat rondom Zolile by die bulkamp afgespeel het, word gestel teenoor die rustige atmosfeer by Amazolo se hut waar sy angstig op haar seun gewag het.

HOOFSTUK 4

Begripsvrae

- Twee gaargemaakte hoenders; die umakweyane-boog; geld; 'n mes en kruie
- Dit moet lyk asof daar lewe op die werf is, niemand moet agterkom dat sy weg is nie.
- Haar vrees dat Thandi op haar spaargeld beslag kan lê.
- Na Mhlatuze, 'n verafgeleë vallei
- Sy is bang vir Thandi – sy weet dat sy haar sal laat soek; om snags alleen in die veld te wees, die umthakathi wat dalk van haar vlug uitgevind het, die wilde diere, asook rondlopers wat niks ontsien nie.
- Sy wou verhoed dat mense weet waar hulle is.
- Met haar mes wat sy saamgebring het en 'n groot klip wat sy opgetel het
- Hulle was vas oortuig dat daar 'n leeu was.
- Een van die honde het haar daar gebyt.
- Sy dokter haar wonde met kruie.
- Hy het geleer hoe om 'n haas met 'n stok dood te gooi en dan af te slag.
- Hy vra haar om vir hom te sing.

Insigvrae

- Dit simboliseer samebinding, aangesien Amazolo oortuig is die boog al manier is waarop sy haar en die kind en Mlenzana bymekaar kan hou.
- Haar middernagtelike vlugtog, asook die sluiting van haar spaarrekening
- Hulle was albei sterk en het nie maklik opgegee nie.

HOOFSTUK 5

Begripsvrae

- Hul verskoning dat Amazolo dalk 'n heks is
- Thandi hou vol dat Zolile nie haar ware seun was nie, dat sy die kind se regte moeder is.
- Thandi vrees dat Amazolo en die kind dalk nie opgespoor gaan word nie. Sy is ook bang dat daar dalk 'n ander vrou kom wat vir Mvula 'n seun kan gee, en dan sal sy niks meer wees nie, behalwe die eerste vrou van Mvula, die ryk man. Sy sal nie eers die hoofvrou wees nie – net die vrou oor wie daar droogte gekom het – die vrou wat nie meer kinders kan kry nie.
- Die polisie

Insigvrae

- Dit verwys na 'n vrou wat nie weer geboorte aan 'n baba kan skenk nie.

HOOFSTUK 6**Begripsvrae**

1. Haar emosies is van so 'n aard dat sy nie nou weet of sy moet huil van blydskap om hom weer te sien en of sy nog steeds vir hom kwaad moet wees, omdat hy haar met die ongebore baba agtergelaat het nie.
2. Hy is nie in diens van Thandi nie; intendeel hy verfoei haar planne.
3. Amazolo het verbete geveg om haar en die kind te beskerm toe die honde hulle aangeval het.
4. Sy is hopeloos te swak weens die wond aan haar arm.
5. Die klipspringer se lewer sal haar liggaamskragte herwin en haar herstel bespoedig.
6. Hy mag nie tyd verspeel nie, want Amazolo is ernstig siek en hy moet so gou as moontlik vir haar medisyne in die hande kry.
7. Die myne en hostels
8. Bykans sewe (7) jaar
9. Hy weet dat Amazolo te swak is om na die hospitaal te gaan en dat as sy nie so gou as moontlik die inspuiting kry nie, dit dalk te laat kan wees.
10. Net 'n stapel vuurmaakhout en die helfte van die klipspringer
11. Die weer dreun hard en hulle is omring deur baie rotse.
12. As beskerming teen die weerlig
13. Daar leef hulle nog soos die voormense. Sy sal potte maak terwyl haar seun met sy skoolloopbaan begin.
14. Sy voer aan dat hy vir Thandi werk.
15. Sy oplettendheid/Hy het beide Amazolo en Mlenzana dopgehou.
16. Hy het nie eens die jakkals gehoor wat sy kos kom steel het nie.
17. Op soek na 'n beter lewe vir hom en Amazolo
18. Amazolo was tradisievas. Sy wou niks van Johannesburg hoor nie. Sy het gesê: "Ons mense is hier. Ons manier van leef"
19. 'n Roekelose lewe wat die mans daar by die myne lei. Vrouens word alleen agter gelaat.
20. Sy het nie sy briewe beantwoord nie.
21. Jabula, wat 18 maande na hom op die myne aangekom het, het vir hom vertel dat dit goed gaan met Amazolo, dat sy by die ryk vrou Thandi werk en dat sy 'n kind het.
22. Hy is oortuig daarvan dat hy nie die kind se biologiese pa is nie.
23. Hy het 'n telegram van Jabula ontvang met nuus oor Amazolo se moeilikheid.
24. Siphos was geskok, want hy het dadelik gewet dat Mlenzana die vader van die seuntjie en die vrou se man was.

HOOFSTUK 7**Begripsvrae**

1. Siphos het haar wakker gemaak.
2. Hy was op soek na 'n verdwaalde bees.
3. Dit was sy gelukkige aand gewees.

Insigvraag

1. Die seun het opgevlieg om sy ma teen Siphos te beskerm.

HOOFSTUK 8**Begripsvrae**

1. Om te kom vra oor Amazolo en te verneem of iemand daar haar dalk langs die pad raakgeloop het.
2. Siphos het Mlenzana met 'n kiere teen die voorkop bokant die linkeroog geslaan.
3. Twee vrouens het hom tot in die naaste hut gedra en hom op 'n slaapmat neergelê. Hulle het hom gehelp om sy bewussyn te herwin en het sy swelsels behandel.
4. Siphos
5. Hy het gedink dat iemand die kind dalk kom haal het.
6. By die myndokter – hy het hom dopgehou as hy pasiënte behandel het.
7. Hy het 'n dassie met 'n klip doodgegooi.
8. Siphos het Amazolo van haar spaargeld beroof en haar klere geskeur.
9. Hy het nagelaat om die beeswagters soos grootmense te groet en die feit dat hulle ore oopgemaak is en dat hulle ibheshu's dra, misgekyk.
10. Hy het hulle daarop gewys dat hulle beeste weg is.
11. Hy het die seuns bang gemaak deur aan te voer dat hy die seun by 'n umthakathi (heks) verwek het en dat die skaduwees hom vertel het dat die seun gister by hulle was.
12. By 'n vrou in 'n hut
13. Amazolo moet na Tugela Ferry terugkeer waar 'n magistraat oor die lot van die kind moet besluit.

Insigvrae

1. Siphos het Mlenzana meegedeel dat hy deur iemand betaal was om te sê waar hy Amazolo laas gesien het.
2. Die kind word deur sy emosies oorweldig. Die gedagte dat hy van sy ware moeder geskei gaan word, laat hom huil. Hy weet egter dat sy moeder se keuse dalk vir hom in die toekoms sekere voordele inhou.
3. As die enigste erfgenaam van Mvula se rykdom moet hy; dus nie soos ander mans eendag in die myne te gaan werk nie. Thandi sal verseker dat hy net die beste skoolopvoeding kry.

HOOFSTUK 9**Begripsvrae**

1. Sy word van kinderontvoering aangekla.
2. Sy is gewoon aan die eenvoud en ken nie 'n weelderige lewe nie.
3. Sy is ledig. In die middag loop sy in die binneplein rond.
4. Sy lewe vir Mlenzana se daaglikse besoek.
5. Likwezi deel die nuus met hom.
6. Die kind mag bedags op die werf rondwaal. Hy huil ook snags minder. Die kind hou van sy nuwe pa en hulle twee gaan soms saam veld toe om na die beeste te kyk.
7. Hy moet haar weer vir 'n rukkies verlaat en sy is bekommerd oor sy veiligheid. Die bok sal dalk vir hom voorspoed bring.
8. Hy wil hoor wat die geeste oor Amazolo en die kind sê.
9. Hy verwys na Siphos wat Amazolo se spaargeld gesteel het en hy gaan om dit terug te eis.

10. Siphon het hom uitoorlê en van 'n hoë rots gestoot.

Insigvrae

1. Siphon se diefstal kan nie ongestraf gelaat word nie.
2. Mlenzana boet met sy eie lewe, terwyl Siphon se moord en diefstal-daad ongestraf bly.

HOOFSTUK 10

Begripsvrae

1. Hy mag nie na die bulkamp gaan nie en mag nie oor Amazolo praat nie.
2. Mvula het al die beste, grond en die bokke aan Zolile belowe.
3. Hy wou eerder sy ma, Amazolo, gehad het.
4. Zuziswe het Amazolo besoek en vir haar kos en slegte nuus gebring.
5. Die kind sal 'n rooskleurige toekoms hê.
6. Die kind het haar hand geneem om die straat oor te steek toe hulle Greytown toe gegaan het.
7. Na haar groot teleurstelling met Mlenzana se eerste afskeid het sy haar voorgeneem om geen man weer te vertrou nie. Nie net het sy Mlenzana by sy terugkeer vergewe nie, maar hom ook weer in haar vertrouwe geneem.
8. Dit was Zuziwe wat vir haar icala kalithethwa ('n hoenderboud wat met medisyne gedokter is) gebring het.
9. Sy wil haar eie saak behartig.
10. Amazolo het drie jaar tronkstraf gekry wat sy in Durban moes uitdien.

Insigvraag

1. Sy is salig onbewus dat Mlenzana dood is, maar glo dat hy haar weer eens in die steek gelaat het.

HOOFSTUK 11

Begripsvrae

1. Zolile se eerste skooldag
2. Sy is trots om te verneem dat Zolile hoogs intelligent (die slimste in sy klas) is en dalk na 'n beter skool moet gaan.
3. Likwezi het elke maand namens Zuziwe 'n brief aan Amazolo geskryf.
4. Die tronkvonnis in Durban het haar drie jaar lank van haar normale lewe beroof. Nou het die tyd aangebreek vir 'n nuwe begin in haar tuisdorp.
5. Thandi koop haar rokke slegs op die groot plekke/dorpe.
6. Om haar te belet om enige kontak met Zolile te hê
7. Die nuwe skoolhoof se vrou/eggenote wat 'n nuwe rok by Amazolo wil bestel
8. Sy het teen haar seun vasgeloop.
9. Haar seun is mooier as wat sy hom onthou het.
10. By 'n privaatskool in Pietermaritzburg
11. Sy het 'n groter plekkie nodig vir haar groeiende naaldwerk – 'n plek met

- elektrisiteit, sodat sy in die aand ook kan werk.
12. Die landdros het nou skielik self die plekkie wat hy aan haar verhuur, nodig. Thandi het die landdros teen Amazolo opgesteek.
 13. Hulle het Amazolo kom vra om Tugela Ferry te verlaat.

Insigvrae

1. Hoewel Thandi persoonlik nie van jag hou nie, ervaar sy tog 'n gevoel van trots oor die kind elke keer as hulle vol praatjies van die jag terugkeer.
2. Amazolo beleef nou die verskriklike pyn en leed waarteen Zuziwe haar destyds te vergeefs probeer waarsku het toe sy so hardkoppig was.
3. Die boog krap die ou wonde oop en bring pynlike herinneringe wat sy eerder wil vergeet.
4. Amazolo plaas haar seun se welstand eerste. Sy weet dat haar teenwoordigheid in die dorp die kind kan verwar en sy geluk kan verongeluk.

HOOFSTUK 12

Begripsvrae

1. Hy het groot geword en 'n man geraak. Mehlw'e-ntombi – meisie-oë.
2. Thandi wou hê hy moet 'n mediese dokter word, terwyl Mvula wil hê dat hy kom boer.
3. Die vrouens van die Mhlatuze-vallei wou nie haar rokke koop nie; gevolglik het sy gehoop die winkels in Eshowe sal dit dalk koop.
4. Amazolo is die biologiese moeder van die kind, volgens die vroedvrou wat hom destyds in die lewe gebring het.
5. Thandi het verskeie terugslae beleef; haar onvrugbaarheid, die dood van haar eie seun en haar man wie se liefde vir haar begin verflou het.
6. Die jong vrou wat by Zuziwe leer om 'n isangoma te word
7. Dit is beter om sonder voedsel te bly as om die voorvaders se geeste kwaad te maak. Jou aardse geluk sal van korte duur wees.
8. Nee.

Insigvraag

1. Thandi het besef dat al haar rykdom nie haar man se liefde kan verseker nie. Ware liefde het nie geld nodig nie.

HOOFSTUK 13

Begripsvrae

1. Oor die skielike rykdom en welvaart wat hom getref het
2. Die oumense het Siphos se slegte natuur geken en geweet dat hy hom nie veel aan die amathongo gesteur het nie.
3. Die suurmilk waarvoor Siphos lief was
4. Zolile wil nie net 'n plattelandse mediese dokter wees nie.
5. Dit verwys onder andere na die stryd tussen tradisie en verwestering. Zolile merk op dat al hoe minder jongmeisies en jongmans nog vasklou aan hulle tradisies. So

- byvoorbeeld is daar 'n afname in die aantal jongmeisies wat isidwabas dra, asook die mans met 'n ibheshu of 'n trouring om hulle koppe.
6. Die gesprek gaan altyd later oor na Amazolo.
 7. Die nuus van Zuziwe se dood
 8. Dit is die enigste kere wat Thandi voel dat sy aan die wenkant is en hoop Mvula kan voel wat sy moet deurmaak.
 9. Hy sien Siphso, sy oorlede vader se moordenaar.
 10. Nomsa, die dogter van Siphso. Sy verwys na Zolile met die meisie-oë.

HOOFSTUK 14

Begripsvrae

1. Waar is jou gedagtes of waaraan dink jy nou?
2. 'n Aantal gaste wat tydens 'n huweliksfees seergekry het
3. Nomsa is 'n baie private mens en boonop is sy baie onwillig dat Zolile haar pa, Siphso ontmoet.
4. Dit is 'n hartseer brief wat oor hom handel. Hy besef sy ma wou net die beste vir hom hê – 'n beter toekoms by die Mutwas.
5. Die merk van die amathongo op sy liggaam
6. Zuziwe het Amazolo destyds gewaarsku dat haar lewe vol beproewings en hartseer gaan wees. Zuziwe se waarskuwings het nou waar geword. Sy het ook nou toring opgedoen.

HOOFSTUK 15

1. Sy was woedend/ kwaad. Sy was ook baie ontsteld, want sy het die middag 'n geraamte onder 'n krans gekry. Sy weet nou dat dit haar pa was wat die vrou se geld gesteel het en aandadig was aan die man se dood.
2. "Ek het haar nie seergemaak nie."
3. Sodat Zolile kan besluit wat om met Siphso te maak
4. Hy is bang om Amazolo van Mlenzana se dood te vertel. Hy weet ook nie hoe om vir haar te sê hy is jammer dat sy al die jare so moes sukkel, terwyl dit met hom goed gegaan het nie.
5. Zolile wys haar die merk van die amathongo op sy liggaam. Hy doen dit om haar te oortuig dat hy haar biologiese kind is.
6. Dokter Gumede kan niks meer vir haar doen nie. Sy is beter af by 'n plek waar sy graag wil wees.
7. Na die hut wat Zolile en Malandlela vir haar gebou het
8. Thandi is daar om Zolile aan Amazolo terug te besorg. Daarmee erken sy dat haar eie seun dood is.
9. Amazolo vra Zolile om die oorblyfsels van Mlenzana te gaan haal.
10. Sy bruid, Nomsa, is in tradisionele stamdrag geklee.
11. Nomsa het die kort helderkleurige doek om haar heupe gedraai en die wit mantel oor haar skouers gedra. Die umeke-bok het in 'n kamp gestaan en vet geword.

Insigvrae

1. Zolile is nie seker hoe Amazolo en Thandi gaan reageer as hulle uitvind dat hy wel die waarheid ontdek het nie. Hy wil nie die twee vrouens, vir wie hy lief is, se gevoelens

- eermaak nie.
2. Nomsa voel dat sy en Zolile nooit gelukkig kan wees nie omdat haar eie pa, Siphos vir Mlenzana vermoor het en Amazolo se swaarverdiende spaargeld gesteel het. Siphos het die einste geld gebruik om vir Nomsa 'n goeie skoolloopbaan te gee. Nomsa vrees dat daar dalk 'n vloek op hulle verhouding mag rus.
 3. Zolile lewe tussen twee wêreldes, die moderne en die tradisionele. Hy is ewe tuis in albei. Hy voel dat die twee leefwêreldes nie noodwendig in botsing met mekaar hoef te wees nie. Intendeel, albei het positiewe elemente waaraan hy vasklou.
 4. Die geskiedenis herhaal homself nooit weer nie. Amazolo se hartseer kan nie ongedaan gemaak word nie. Geluk en hartseer is ineengevleg.
 5. Amazolo smaak die bitter kant van die lewe as straf vir haar ongehoorsaamheid. Amazolo ervaar smart en lyding op elke denkbare stadium van haar lewe. Daar is baie min geluk wat aan haar bewys word. Rampspoed volg haar daagliks.

Aktiwiteite

Navorsingstaak/Ondersoektaak: Die Zoeloes

Voorwoord:

Die Suid-Afrikaanse Grondwet definieer ons land as een Suid-Afrikaanse volk/nasie met menige kulture. Dit is die sogenaamde reënboognasie.

Leeruitkomste wat aangespreek word:

- **Leerders skep en onderhandel betekenis en begrip.**
- **Leerders gebruik gepaste kommunikasie-strategieë vir spesifieke doeleindes en situasies.**

Taak

| | |
|----------------------|---|
| Tipes aktiwiteite | Groepbespreking en werkverdeling; Geskrewe navorsingsverslag |
| Vorm van Assessering | Rubriek |
| Hulpmiddels | Internet, handboeke, ensiklopedieë |

Doelstellings van die taak

Die doel van hierdie taak is om:

- 'n Waardering vir een van ons land se gerespekteerde gemeenskappe aan te wakker.
- Leerders te motiveer om tekste te gebruik vir toegang tot inligting.
- Eie inligting aan te vul terwyl terugvoering gedoen word.
- 'n Formele verslag te skryf.

Metodologie

1. Elke leerder ontvang 'n afskrif van die voorgenome navorsingstaak. Die onderwyser verduidelik die doelstellings en aard en van die navorsingstaak volledig. Alle belangrike aspekte soos die tegniese versorging, inhoud, taal, navorsingsmetodologie, aanbieding, ens. word noukeurig behandel. Die rubriek wat gebruik gaan word by die assessering van die navorsingstaak word volledig aan die leerders verduidelik. Elke leerder moet 'n afskrif van die rubriek kry.

Hierna word die klas in groepe van 4 ingedeel.

2. Groepbespreking en werkverdeling: Tyd: 10-15 minute
 - Vir hierdie aktiwiteit werk leerders in hul onderskeie groepe.
 - Elke groep wys 'n leier aan.
 - Die leier kies iemand om die hoofpunte wat bespreek gaan word, neer te skryf.
 - Elke leerder moet motiveer waarom hy/sy 'n spesifieke afdeling van die navorsingstaak wil aanpak.
 - Na afloop van die sessie moet die leier terugvoering doen.
3. Navorsingverslag: Tyd: 1 week
 - Vir hierdie aktiwiteit werk die leerder op sy/haar eie.
 - Die leerder kry genoeg tyd om navorsing oor sy/haar tema te doen.
 - Laat leerders 'n formele verslag skryf oor die tema wat hulle gekies het.
4. Eerste geskrewe verslag:
 - Die navorsingstaak word na 'n week ingeneem en vlugtig nagesien.
 - Leemtes en swakhede word deur die onderwyser uitgewys.
 - Leerders ontvang hul eerste poging terug.
 - Leerders kry 'n week om die finale navorsingsverslag in te dien.
5. Klasbespreking/ Plakkaat
 - Leerders kan hul bevindinge met die klas deel.
 - Die onderwyser kan dalk vir leerders vra om 'n bykomende plakkaat oor die tema te doen.

Kontekstuele leidrade vir die assessering van die navorsingstaak:

1. Kaartwerk:

Leerders teken die kaart van die milieu waar die verhaal afspeel. Hierdie aktiwiteit gee die leerder die geleentheid om sy/haar vermoë om kaarte te lees, te interpreteer en afleidings te maak, te demonstreeer.

2. Die rol wat voorvadergeeste, tradisie, bygelowe en isangomas in die lewe van die Zoeloes speel

Die Zoeloes is vandag een van die vele gemeenskappe wat intrinsiek deel is van die kleurrike tapisserie van Suid-Afrika. Meer as honderd jaar gelede het Benjamin Disraeli, skrywer, staatsman en twee maal premier van Brittanje, van die Zoeloes gesê:

“’n Merkwaardige gemeenskap, hierdie. Hulle (Zoeloes) verslaan ons generaals, bekeer ons biskoppe, en het ’n groot Europese dinastie tot ’n val gebring.” Disraeli het van ’n eenvoudige swart nasie van Afrika gepraat, mense wat nog nie die wiel ontdek het nie, wat nog diervelle gedra het en wie se enigste wapens hul skilde van diereleer en hand-gesmede spiese was. Die Anglikaanse Biskop Colenso was beïndruk met die Zoeloes se hoë morele kode.

Die Zoeloes se godsdiens en tradisies is baie nou verwant. Die Zoeloes glo in ’n Opperwese, Unkulunkulu, die Groot Gees. Die Zoeloes glo dat Unkulunkulu alle dinge geskep het – elke lewende wese, elke dier, die berge, see, son. Unkulunkulu het ’n beeldskone dogter, Nomkhubulwana of Inkosazana, die Prinses van die Hemel. Dit is sy, as die diensmeisie van haar vader, wat die mense laat weet of hulle ’n jaar van oorvloed of van hongersnood gaan beleef. Sy verkondig aan moeders wanneer hul kinders gespeen moet word en wanneer bier gebrou moet word om eenvoudig as offer op die berge uitgestort te word. Die Zoeloes glo dat verontagsaming van haar bevele die dood tot gevolg sal hê. Soms word spesiale stukke grond bewerk en beplant en vir haar opsy gesit.

’n Belangrike aspek van die Zoeloes se godsdiensbeskouing en praktyke sentreer om vooroueraanroeping en dan meer spesifiek die voorouers van ’n besondere verwantskapgroep en stam. Die voorouers word inderwaarheid steeds as deel van die verwante groep beskou. Die voorouers moet sover moontlik tevrede gestel word sodat hulle nie onnodig die lewens van die lewende verwante versuur deur byvoorbeeld siektes te veroorsaak nie. Die voorouers word dus veral tydens lewenskrisisse aangeroep.

Magiese (magic) beskouings en toorpraktyke is ook ’n integrale deel van die Zoeloe kultuur. Die toordokter of isangoma is ’n gerespekteerde figuur. Die toordokter, waarvan baie ook vroue is, besit die vermoë om die mistieke magte in te span om sodoende dinge te verstaan, te interpreteer, te voorkom en te beheer. Isangomas ondergaan ’n redelike lang opleiding om die besondere magiese tegnieke te bemeester. Dolosse speel ’n belangrike rol in die lewe van die toordokters.

3. **Die rol wat musiek in die alledaagse lewe van die Zoeloes speel. Hier moet die leerder dink aan en skryf oor oorlogsdanse, bruilofsfeeste en sterwensbyeenkomste.**

Let wel: Leerders moet herroep wat hulle oor die plek en rol van musiek in die verhaal geleer het. Gesels oor die musiekinstrument wat Mlenzana vir Amazolo gemaak het. Watter liedjies het hy vir haar gespeel? Wat van die musiek by Sipho se feesvieringe?

Die Zoeloes strewende doelbewus na geluk op aarde. Hulle patriotisme word veral deur musiek uitgeleef. Soos in ons verhaal gelees is, weet ons dat die Zoeloes met hulle eie tradisionele musiekinstrumente spog. Die umakweyane-boog en die trom is tradisionele Zoeloe-musiekinstrumente waarop musiek gemaak word en dan graag gedans word.

Oorlogsdanse

Die Zoeloes is bekend as dapper en moedige krygsmanne. Die Zoeloe-krygers mag nie op ekspedisies uitgestuur word alvorens daar nie sekere seremonies gehou word nie. Daar moet amptelik van die krygers afskeid geneem word. ’n Groot fees word beplan. Die atmosfeer is alles behalwe morbied. Dans vorm ’n integrale deel van die program. Tydens

hierdie danse word die beskerming van uNkulunkulu bepleit. Wanneer die krygers van hulle ekspedisies terugkeer, word die oorwinningseremonie gevier. Krygers wat hulle in die stryd onderskei het, word met volle eerbetoon deur die koning bekroon. Daar word heelnag gedans en feesgevier.

Bruilofsfeeste

Die wyse waarop 'n gemeenskap sy bruilofsfeeste vier, gee vir 'n mens insig in sy tradisies en waardes. In meer as een opsig is die huwelik 'n belangrike instelling en hoeksteen van die Zoeloe-kultuur. Soos elke gemeenskap, beoefen die Zoeloes besondere gebruike by bruilofte. Die bruilof word gekenmerk deur een of ander godsdienstige handeling en 'n groot feesmaal wat gepaard gaan met geskenke en 'n gedansery. 'n Bruilofsfees kan oor etlike dae strek. Gaste kom van heinde en verre. Dit is die bruid en haar familie se voorreg om eerste te dans. Daarna is dit die beurt van die bruidegom en sy familie. Die dansers skop en stamp hulle voete en blaas fluitjies. Die gaste klap hande en sing saam. Die hoogtepunt waarna talle jongmanne uitsien, is die stokgevegte. Dit is 'n belangrike aktiwiteit en die Zoeloe-seuns leer van kinsbeene af hoe om die kunst te bemeester.

Sterwensbyeenkomste

Die Zoeloes glo aan die reïnkarnasie van die geeste van die dooies. Tydens die dood word spesiale offers aan die geeste gebring, bekend as Amadhlozi. Beeste word geslag vir die afgestorwenes wie se geeste in die gedaante van 'n heilige slang mag verskyn. Daarna volg daar 'n feesmaal waar daar gedans word.

4. Die kleredrag, eetgewoontes en kos van die Zoeloes

Wat onthou die leerders oor die kleredrag wat in die verhaal bespreek word? Hoe het Amazolo oor kleredrag gevoel? Hoe het Thandi en Mvula oor kleredrag gevoel?

Elke gemeenskap druk sy nasieskap op talle wyses uit, waarvan kleredrag een uiterlike simbool is. Kleredrag loop hand aan hand met identiteit, trots, selfrespek en selfs hiërargie. Die primêre funksie van klere is liggaamlike bedekking, veral van die private liggaamsdele.

Dagboekinskrywings

Spesifieke leeruitkomst wat aangespreek word:

- Leerders skep en onderhandel betekenis en begrip.
- Leerders toon 'n kritiese bewustheid van taalgebruik.
- Leerders gebruik gepaste kommunikasie-strategieë vir spesifieke doeleindes en situasies.

Metodologie:

Leerders werk individueel aan hierdie dagboekinskrywings.

Assessering:

Die dagboekinskrywing word deur middel van 'n rubriek geassesseer.

Leidrade vir die assessering van die dagboekinskrywing:

1. Mvula se innerlike konflik as gevolg van die twee wêrelde waarin hy hom bevind

Aspekte wat belig kan word: skuldgevoelens, eerlikheid, vrae, gewete, verantwoordelikhede, twyfel, angs, onsekerheid, toekoms

Inleiding: Dit is waar dat vrees die grootste vyand van vooruitgang is. 'n Moorse spreekwoord bevestig dat "hy wat bang is vir 'n ding, gee dit mag oor hom". Ek worstel die afgelope tyd gereeld met ernstige strydvrae en probleme waarvoor ek nie altyd klinkklare antwoorde het nie!

In watter leefwêreld hoort ek nou eintlik – die Zoeloe of Westerse leefwêreld? Dit is belangrik dat ek so spoedig moontlik 'n antwoord op hierdie vraag kry, want dit gaan bepaal wat my nalatenskap aan my familie in die algemeen en my vrou en seun, Zolile, in die besonder gaan wees. Ek is die verkleurmanneling, nie Thandi nie. Dit is ek wat nie die dinge van die oumense wil los nie. Ek besit welvaart. Ek bestuur 'n 4X4-voertuig en wanneer ek gaan jag, skiet ek met my geweer en gooi nie meer die ou assegaai nie. In vele opsigte het my vrou haar Zoeloe-tradisies en -waardes vaarwel toegeroep. Sy sien haarself as deel van die nuwe Afrikane, die nuwe swart elite met nuwe toekomsverwagtinge en 'n westerse lewensuitkyk. Thandi is verheug dat Zolile niks wil hoor van die boerdery hier op Tugela Ferry nie. Sy deel sy droom om 'n mediese praktyk in die stad te open. Daar sal hy volgens haar ten minste westerse kleredrag aantrek en nie half-naak voor sy pasiënte hoef rond te loop of 'n isangoma in te roep nie.

In hoeverre is dit vir my as 'n suksesvolle Zoeloe-boer belangrik dat my Zoeloe-tradisies en waardes vir die nageslag behoue bly? Hoe kan ek Zolile oortuig om hom nie so maklik van sy tradisies los te wikkels nie?

2. Amazolo se gedagtes tydens haar verblyf in die tronk.

Aspekte wat belig kan word: skuldgevoelens, verwyte, geloof, aanvaarding, twyfel, onsekerheid, angs, toekoms, drome

Inleiding: "Jy sal verskriklik gestraf word vir die ding wat jy doen teen die kind wat vir jou gegee is. Jou naam, Amazolo, het troebel geword." Geen enkele dag gaan hier in die tronk verby sonder dat ek nie aan daardie voorspelling van Zuziwe dink nie. Ek het die straf oor myself gebring. Kan ek dit aanvaar?

Wanneer ons diep beseer word, herstel ons nooit alvorens ons nie vergewe nie. Ja, die beste raad vir innerlike pyn is vergifnis. Ek moet myself vergewe. Selfs vir Thandi en Mlenzana. Hier binne die tronk se mure het die dwaasheid van my destydse daad my kom vasdruk. Hier in die tronk het ek kom besef dat hardkoppigheid selde regtig iets opgelos het. Daar is die magdom van vrae en verwyte; verwyte oor my wandaad teenoor my kind, my voorouers en selfs Mlenzana.

Daar is die dankbaarheid dat die daaglikse stappie tog my gedagtes verhelder. Die innerlike stryd vervaag en 'n mate van berusting en aanvaarding het begin posvat dat ek nie die dinge van die verlede ongedaan kan maak nie.

3. Thandi se gevoelens ná Zolile se dood

Emosionele aspekte wat Thandi ervaar: skuldgevoelens en verwyte, innerlike twis, mislukking, vrees, woede, ongeloof, boosheid

Inleiding: "My kind is dood". Waarom het nduNkulunkulu my met die tragiese en ontydige dood van my enigste seun gestraf? Hoe sal ek ooit hierdie smart en intense droefheid kan hanteer?

Ek is 'n volslae mislukking. Waarom kon dit nie Amazolo se kind gewees het nie? Hy is immers 'n nikswerd en 'n dief. G'n wonder sy eie ma wou hom nie aanvaar nie. Wat het my ooit besiel om Amazolo se kind aan te neem? Dalk was dit hy wat die onheil en ongeluk oor my huis gebring het. Al my drome vir Zolile lê nou aan skerwe. Hoe kan ek weer Mvula in die oë kyk? Dalk blameer hy my vir Zolile se dood. Mvula voel dalk dat ek beter toesig oor Zolile moes gehou het.

Hoe gaan ek aan die krisis ontsnap? Wat hou die onmiddellike toekoms nou vir my in? Gaan ek Mvula verloor? Sal Mvula my bystaan of verlaat nou dat ek nie 'n nuwe baba en erfgenaam vir hom in die lewe kan bring nie?

Ek moet eenvoudig my plan deurvoer. Almal moet my eenvoudig glo dat Zolile nie dood is nie, maar Amazolo se seun. Dit is my enigste troefkaart vir oorlewing. Ek wil Mvula nie verloor nie.

Dialog

Leeruitkomste wat aangespreek word:

- Leerders ontleed en organiseer inligting.
- Leerder kommunikeer deur middel van taalvaardighede in verskillende vorme.

Metodologie

Die onderwyser behandel die kenmerke van 'n dialoog. Leerders werk individueel aan hierdie aktiwiteit.

Leidrade vir die assessering van die dialoog: (Bestudeer veral bl. 59-60)

Amazolo: *Mlenzana, jy luister nie wat ek sê nie. Ek sien eenvoudig nie kans om Msinga te verlaat en saam met jou Johannesburg toe te gaan nie.*

Mlenzana: Nou goed dan. Vertel my waarom jy nie saam met my wil gaan nie.

Amazolo: *Jy weet watter plek tradisie in my lewe inneem. Msinga is genoeg vir my. Dit is hier waar beide ons voorouers rus. Waarom wil jy nou jou tradisies en waardes hier agterlaat?*

Mlenzana: Amazolo, jy klou te vas aan waardes wat aan die verbygaan is. Hier in Msinga is nie meer 'n toekoms vir ons nie. In Johannesburg wag daar 'n beter lewe. Jy moes die foto's van Johannesburg gesien het wat die man gewys het. Daar is beter geleenthede. Dit is nou die regte tyd om 'n verandering te maak.

Amazolo: *Nee Mlenzana, Ek wil hier my lewe lei. Ons mense is hier. Ek wil tussen my eie mense opgroei en ons tradisies uitbou. In die groot stad gaan ek 'n verkleurmanneling word. Amathonga ontevrede wees. Ons sal nooit daar geluk vind nie.*

Mlenzana: Ek wil vir jou net die beste gee. Ons kan trou en saam 'n lewe bou. In Johannesburg is daar baie Zoeloes. Ons hoef nie eensaam te wees nie.

Amazolo: *Nee, Mlenzana, ek het reeds gekies: jy sal maar eenvoudig sonder my Johannesburg toe moet gaan. Ek bewonder jou moed en deursettingsvermoë. Jy hoef jou nie oor my te bekommer nie. Moenie my te lank laat wag nie.*

Brief

Leeruitkomste wat aangespreek word:

- **Leerders kommunikeer doeltreffend deur middel van taalvaardighede in verskillende vorme.**

Metodologie

Maak seker leerders gebruik die korrekte format van die brief.

Leidrade vir die assessering van die brief.

Egoli Mediese
Sentrum
Mandelarylaan
Tshwane
0002
10 April 2008

Liefste Mama Thandi

Jy het my geleer dat elke dag deel is van 'n leerproses. 'n Mens hou eintlik nooit op met leer nie. Die oomblik dat jy ophou leer, hou jy op om te groei. Wanneer ons leer om dankbaarheid te betoon, leer ons om nie te konsentreer op die slegte dinge nie, maar op die goeie dinge in ons lewe.

Dit is juis vir al daardie goeie dinge waarvoor ek jou wil bedank. Ten spyte van wat ander mense van jou geskinder het, neem jy steeds 'n spesiale plekkie in my hart in. Danksy jou moederlike instinkte het ek 'n nuwe perspektief op die lewe gekry. Toe my eie moeder my nie wou hê nie, het jy jou liefdeshand na my uitgesteek. Jy was daar om jou oor my te ontferm. Die dood van jou eie seun was pynlik. Jy het daardie pyn en smart waardig weggesteek.

Ek kon nie destyds verstaan waarom jy my so bitter graag wou hê nie. Aanvanklik was ek baie bang en kwaad vir jou, maar mettertyd het ek aan jou gewoon geraak. Jy het my met geskenke bederf. By Mvula het jy net die allerbeste vir my beding. Hoe sê 'n mens dankie vir daardie sorgvrye kinderjare en skoolopleiding?

Noudat ek volwassenheid bereik het, besef ek hoe gelukkig ek was om jou en Amazolo as my twee moeders te hê.

Ons liefde was sterk genoeg om al die teleurstellings van ons lewe te oorwin.

Jou seun
Zolile

Mondelinge opdragte

1. Terugvoering oor die navorsingstaak

Die onderwyser kan die navorsingstaak omskakel na voorbereide toesprake. Waarom nie 'n gesaghebbende Zoeloe-kenner (Geskiedenis-dosent of Parlements lid van Zoeloe-afkoms) na die skool nooi om na die leerders se voorbereide toesprake te kom luister nie. Hierdie spreker se sleutelgedagtes sal die leerders tydens hulle forumbespreking help.

2. Klas- of forumbespreking – Watter rol speel die tradisionele geneser in die moderne, geïndustrialiseerde Suid-Afrika?

Aard en vereistes van 'n suksesvolle forumbespreking:

Die voorsitter moet sorg vir 'n inleiding en dan die eerste spreker aan die woord stel. Daarna kan/moet die voorsitter ook aan die bespreking deelneem.

Die voorsitter moet verseker dat daar nie te veel van die hoofteema afgedwaal word nie. Leerders word gemaan om nie toesprake te hou nie. Onthou: die idée is om een punt deeglik deur te trap en nie sommer 'n klomp aspekte af te rammel nie.

3. Debat – Hoe word kultuurverskille binne die Suid-Afrikaanse skolewet geakkommodeer?

Let wel: Moenie 'n debat met die forumbespreking verwar nie. Die leerders moet hulle vergewis van die aard en vereistes van 'n debat. Moedig leerders aan om by debatsverenigings aan te sluit of immers daar te gaan kers opsteek.

Selfassesseringstoets (Hoofstuk 1-3)

1. uNkulunkulu
2. voorvaders
3. Msinga
4. Johannesburg (Egoli)
5. wit doek oor haar skouers
6. bok
7. verwerp
8. Zuziwe, die isangoma
9. troebel
10. umakweyane-boog
11. iemand
12. Dube
13. druk
14. tradisionele
15. moderne
16. 'n naam
17. Zolile
18. kinders (seuns)
19. verkleurmannetjie
20. gegee

- 21. week
- 22. Mvula
- 23. isangoma
- 24. Mvula
- 25. tien

TOTAAL: [25]

Formatiewe assessering 1

Vraag 1

- 1.1 Haar naam beteken "dou".
- 1.2 Amazolo is kwaad omdat Mlenzana haar alleen met haar ongehude baba gelaat het. Nou weier sy om die baba 'n naam te gee, want sy hoop dat die persoon wat hom aanneem, vir hom'n naam sal gee. Terselfdertyd weet sy as sy hom 'n naam gee, sal hy dan iemand wees en hy is nie.
- 1.3 Aan Thandi Mutwa
- 1.4 Sy wil Mlenzana daardeur straf.
- 1.5 Amazolo se lewe gaan 'n verskriklike een wees. Die kind se voormense sal Amazolo swaar straf.

Vraag 2

- 2.1 Mvula Mutwa. Hy praat oor sy vrou, Thandi. (bl. 20)
- 2.2 Hulle verhouding (huwelik) is taamlik wankelrig.
- 2.3 Sy gemeenskap, die amaZulu se tradisies en waardes
- 2.4 'n Verkleurmannetjie (bl. 19)
- 2.5 Zolile is gebore op 'n tydstip toe Thandi hom bitter nodig gehad het. (bl. 21)

Vraag 3

- 3.1 Thandi deel Amazolo mee dat dit haar seun was wat doodgetrap was en dat sy die seun moet teruggee wat sy (Thandi) aan haar geleen het.
- 3.2. Amazolo voel asof die weerlig haar getref het. (bl. 36)
- 3.3 Klaarblyklik omdat sy Amazolo jammer gekry het
- 3.4 Na die dood van haar eie seun
- 3.5 Amazolo vra om uitstel van 'n week om van haar eie kind afskeid te neem.
- 3.6 Sy was besig om ander planne vir haar en die kind te maak. Sy was van plan om met die kind van Tugela Ferry na die Mhlatuze-vallei weg te vlug.

Vraag 4

- 4.1 Hy het na Johannesburg (Egoli) se myne gegaan.
- 4.2 Hy was oortuig dat daar meer geld en geleenthede in Johannesburg was en dat hy vir Amazolo alles kon gee wat sy wou hê.
- 4.3 Sy beweer die amathongo gaan kwaad wees.
- 4.4 Jabula het hom met 'n telegram laat weet van Amazolo se probleme. (bl. 62)
- 4.5 Naburige hospitaaltjie (bl. 55)

Vraag 5

- 5.1 Siphon Khumalo
- 5.2 Hy het haar bostuk oopgeskeur en die band om haar lyf gesien. Amazolo se beurs was in die band toegedraai.
- 5.3 Siphon is bang en skrik groot. Hy ontken dat hy die vrou en kind gesien het.
- 5.4 Hy dink die kind is weg saam met die man van wie Siphon gepraat het.

Vraag 6

- 6.1 Hulle gaan terug na Tugela Ferry waar Zolile aan Thandi gegee sal word. (bl. 80)
- 6.2 Ten einde hom 'n beter lewe te gee
- 6.3 Mlenzana

TOTAAL: [35]**Formatiewe assessering 2**

1. Umakoti is 'n woord wat gebruik word om te verwys na Zolile se oorgang van 'n seunskind na 'n volwaardige lid van die Mutwa-gesin. (bl. 110)
2. Zolile was in die ilawu saam met sy maats afgesonder en Thandi kon nie na hom toe gaan nie omdat sy nog te jonk was – dis net ou vrouens wat as mans gereken word wat na die umkoti toe kan gaan om hom te sien.
3. Thomba-seremonie
4. "Mehlw'e-ntombi", wat "meisie-oë" beteken
5. Mediese dokter
6. Hy wou hê dat Zolile die boerdery moes oorneem.
7. Malandlela en Zolile (bl. 113)
8. Zuziwe, die isangoma, het Amazolo gaan soek om haar mee te deel dat Zolile haar eie kind is en dat hy met 'n tarentaal geboortevlek agter sy oor gebore was.
9. Dit is die plek waar Amazolo haar eie seun wou kom grootmaak het. Amazolo doen nou die dinge waarvoor sy vir Mlenzana aanvanklik kwaad was, naamlik om water by 'n kraan te tap en nie by 'n rivier nie. (bl. 114)
10. Siphon Khumalo
11. Hy dink dit is Mlenzana se gees wat by hom kom spook.
12. Siphon se ontmoetings met Mlenzana. Siphon se moord op Mlenzana.

TOTAAL: [20]**Summatiewe assessering**

1. Zolile en Mvula (bl. 126)
2. Nomsa Khumalo
3. Sy was besig om te teken.
4. Hy wil haar beter leer ken.
5. Daar het fout gekom en gaste het seergekry by 'n bruilofsfees en nou moet die twee, dr Gumedede en sy vrou, Suster Gumedede, help om die klomp beseerdes te versorg.
6. Hy wil die volle verhaal van sy ma, Amazolo en sy geboorte hoor.
7. Waar Amazolo haar bevind en dat hy haar eie seun is met 'n bepaalde geboortevlek
8. Hulle moet 'n nuwe iqhugwane vir Amazolo bou.

9. Dat sy TB (tering) onder lede het
10. Sy beskuldig hom daarvan dat hy destyds vir Amazolo van haar geld beroof het.
11. Zolile moet besluit wat Siphos straf vir die moord op sy vader Mlenzana moet wees. (bl.135)
12. Die merk van die amathongo
13. Die umakweyane-boog wat gebreek was. Haar lewe was amper verby. Die dokters kan haar nie meer genees nie.
14. Sy ontken dat sy Zolile se naam wil verander. Sy aanvaar die naam wat Thandi hom destyds gegee het en spreek haar dankbaarheid uit vir die goeie lewe wat sy hom gegee het.
15. Dit verwys na 'n ou tradisie waar die kêrel iemand huur om sy meisie te vang en na sy huis te dra.
16. Malandlela gryp Nomsa en dra haar oor sy skouer agter Zolile aan.
17. Amazolo is sterwend. Sy is oppad om na haar voormense te gaan.

TOTAAL: [25]